

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEURRADIO KLUB

JUNIE 2006

KOMITEE VAN BOLAND AMATEURRADIO KLUB

Voorsitter/Tesourier	Rassie Erasmus	ZS1YT	021-8545764
Ondervoorsitter/Sekretaris	Karl Canitz	ZS1KC	021-9765237
Skakelbeampte	Henry Chamberlain	ZS1AAZ	021-8871509
Bulletinrooster	René van Zyl	ZS1VR	021-9762057
CQ Boland	Johan le Roux	ZS1RX	021-9192246
Web Meester	Deon Heydenrych	ZS1G	0826539884
Regsake	Olivier van Staden	ZS1OLI	021-8698564
Geleentheidskoördineerder	Simon Snyman	ZR1SIM	082 8013897

KLUBBULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7094kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Besoek die klub se Webwerf by <http://www.gsl.net/zs1bak/index.htm>

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na die klubvergadering op Saterdag 10 Junie 2006 om 11:00 op die plaas van Olivier, ZS1OLI. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal die braaivleis-vure aangesteek word. Bring u eie kos, eetgerei, drinkgoed, stoele, rooster ens. saam. Verder in hierdie uitgawe is 'n beskrywing om by die vergadering uit te kom.

BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, pakketradio of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

Pakket: ZS1RX@ZS0BEL.TBG.WCP.ZAF.AF

E-pos: ZS1RX@MAILBOX.CO.ZA

Posadres: CQ Boland Posbus 2105 Dennesig 7601

DIE VOORSITTER SÊ:

Wanneer u hierdie CQ Boland ontvang is BARK reeds 10 jaar oud! Beslis 'n mylpaal in BARK se geskiedenis. Baie dankie aan almal wat die spesiale geleentheidstasie ZS10BAK ondersteun het.

Op die 13de Mei was dit die Wes-Kaap se beurt om die "RTA" te Stellenbosch aan te bied. Weereens het BARK-lede 'n groot bydrae gelewer om hierdie geleentheid 'n sukses te kon maak. 'n Spesiale woord van dank aan die BARK lede, Henry ZS1AAZ, Deon ZS1ZL en Raoul ZS1REC, wat self-besprekings gely het tydens die "RTA".

OP 8 April 2006 het die AJV van die SARL plaasgevind. Drie van BARK se lede is tydens die prysuitdelingsdinee vereer. Johan ZS1RX en Smittie ZS1AK is met die Jack Twine-toekenning vir verdienstelikheid vereer. Johan vir

sy bydrae tot CQ Boland en Smittie vir sy gereelde bydrae tot die herleidings van BARK se bulletin op Sondagoggende. Ean ZS1PR het 'n Radio ZS-toekenning ontvang vir sy artikels in hierdie publikasie. Baie geluk aan Johan, Smittie en Ean.

Saam met hierdie uitgawe van CQ Boland ontvang u ook u ledegeldrekening. Ledegeld kan per tjek, internet-oordrag of kontant inbetaling vereffen word. Indien u kontant in BARK se rekening deponeer, moet u asseblief u roepsein gebruik as verwysing.



BARK se rekening-besonderhede verskyn op die kennisgewing.

ASSEBLIEF GEEN POSWISSELS NIE!

Groete van hok tot hok

Rassie, ZS1YT



REDAKSIONEEL

Eerstens 'n groot dankie aan al die bydraes wat ek ontvang het. Ek het klaar bydraes vir die volgende CQ Boland. Hiermee sê ek nie dat u nou moet ophou skryf nie; intendeel ek wag vir u bydraes. Dankie ouens, julle maak my taak baie makliker. Ek sien van CQ Boland se artikels word van tyd tot tyd



gepubliseer in die Radio ZS. Dit beteken dat u artikels waardevol is vir die amateurgemeenskap. Geluk aan Ean ZS1PR, met sy artikel wat 'n Radio ZS-toekenning gewen het.

Tot die volgende uitgawe...

Johan, ZS1RX



DIE GOEIE OU DAE.

Deur Hennie, ZS1SK

Die afgelope BARK-vergadering by die bootklub te Brandvlei-dam was soos altyd weer 'n aangename geleentheid. Dankie aan Joe en die ander organiseerders.



Met besigtiging van die vlooiemark het daar by my 'n paar ontstellende gewaarwordings ontstaan. Sulke kosbare rommel wat op pad is as hoop toe. Goed wat 'n regte amateur se hart laat bokspring. En ten spyte daarvan is die belangstelling maar flou. Elke oukêrel se reaksie omtrent dieselfde: Ek het nie tyd vir my eie rommel nie - my LV sluit my uit as ek met nog by die huis aankom. Tragies.



As lid van die ou garde, onder wie ek myself onder protes bevind, kon ek nie anders as om te wonder hoe die vlooiemark sou gelyk het meer as 50 jaar gelede toe ek die voorreg gehad het om met Amateur Radio te begin nie.


Stel jou voor: TV het nie bestaan nie, selfone het nie bestaan nie, persoonlike rekenaars het nie bestaan nie, sakrekenaars het nie bestaan nie! In derdejaar Fisika op universiteit Stellenbosch moes alle berekenings m.b.v. logaritme tabelle en miskien 'n skuifliniaal gedoen word. Weet iemand vandag wat dit is? Ongelooflik! Die eerste draagbare transistor radio het nog skaars sy verskyning in die winkels gemaak. Daar was wel draagbare radios met as kragbron 'n 90V en 4V batterypak wat omtrent 2 kg geweeg het.



Om terug te kom by 'n vlooiemark van daardie tyd. Daar sou nie fabriekgemaakte rekenaars, CD- en DVD-aandrywers, kragbronne en watookal gewees het wat skielik verouderd geraak het nie.

Die enigste klaargeboude apparaat wat tot beskikking van 'n arm student was, was ou Amerikaanse weermagtoerusting wat vir 'n appel en 'n ui opgetel kon word en aangepas kon word, of liewer gestroop kon word vir basiese onderdele wat natuurlik alles tien maal so groot en swaar was as die huidige, maar waarmee jy omtrent enige nuwe stel kon bou. Dose vol weerstande, kapasitors, transformators, radiobuise, ens. was die mees gesogte artikels op 'n vlooiemark. En natuurlik bottels vol skroefies en boutjies van die gestroopte toerusting, waarmee jy weer jou eie projek aanmekaar kon sit. (*Bostik* het nog nie bestaan nie en sou ook nie die gewig kon hanteer nie).

Watter fantastiese tyd was dit nie! Was ons nie trots op die 100W AM wat ons uitgepomp het nie! Met 620V op die twee 807-buise se koppe kon jy hulle selfs druk tot 120W. Wees net versigtig wanneer hulle so 'n blou gloed begin afgee. Moet ook nie aan daardie oop tenkspoel (op 'n toiletrol) raak nie, want die RF brand wit kolle op jou hande en die afgeskakelde buislig flikker die hele tyd. Was dit dalk die mees opwindende tyd in die geskiedenis van amateur radio? Miskien nie, - dalk is dit maar net omdat ek nie kon byhou by die tegnologie nie.



Wat ek eintlik wou sê: Watter ontploffing sou daar nie t.o.v. amateur radio plaasgevind het indien TV, rekenars en selfone skielik weer van die aarde af verdwyn het nie! Amateur radio bestaan vandag regtig in 'n ander millenium. Dit kos 'n goeie verbeelding om jou vandag te kan inleef in die wonderlike tye wat ek bevoorreg was om te ervaar.



Dis met leedwese dat ons die afsterwe van Andre van Zyl, ZS1VA, voorheen ZR1ABQ moet bekendmaak. Andre was 'n diabeet en is Sondag, 19 Maart, oorlede na 'n beroerte.

Ons meegevoel gaan uit na sy ouers, René (ZS1VR) en Betsie van Zyl en familie.



BARK VERJAARSDAE OP PAKKET

Deur Johan, ZS1RX



BARK lede en hul gades se verjaarsdae is nou op pakket beskikbaar. Dankie aan Johannes, ZR1RF wat die program geskryf het onder die wakende oog van die uwe.

Die program stuur elke dag 'n pakket boodskap uit met die volgende 8 dae se verjaarsdae.


KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Henry Chamberlain, ZS1AAZ.

DIE LM35 TERMOMETER.

Hierdie klein, geïntegreerde stroombaan is plaaslik beskikbaar, alhoewel 'n mens dit nie sommer by die naaste winkel moet gaan koop nie. 'n Winkel in die Noordelike voorstede vra sowat R60 daarvoor terwyl ek dit op Stellenbosch kon kry vir R5,50.


Dit is 'n elektriese termometer wat 'n spanning van 10mV voorsien vir elke graad Celsius. Bv., op 0 grade gee dit 0 mV, op 10 grade gee dit 100mV en so aan. Deur 'n voltmeter aan die LM35 te koppel sal dit die temperatuur direk aandui. 'n 0 tot 1 mA Meter wat sê maar 0 tot 10 gemerk is, kan deur 'n serieweerstand aan die LM35 gekoppel word om sodoende temperature van 0 tot 100 grade Celsius aan te dui.



Dit moet voorsien word van 'n spanning tussen 4 en 20V en trek sowat 60 mikroampere, alhoewel dit meer sal gebruik as die meter met meer stroom gevoer moet word. 'n Digitale Voltmeter sal die temperatuur mooi aandui.


Ek het onlangs die LM35 gebruik om die temperatuur van 'n aluminiumplaat te beheer. Die aluminiumplaat is in 'n houtkissie geplaas met vier groot weerstande onderaan die plaat vasgebout. Die idee was om gedrukte bordmateriaal, gespuut met fotosensitiewe spuitstof vir die maak van elektroniese stroombane te bak teen 50 grade Celsius voordat die bord belig word. Die weerstande word met 12V voorsien en die krag word aan- en afgeskakel met 'n transistor sodat die temperatuur op 50 grade Celsius beheer word. Daar is baie gebruike vir so 'n stroombaan.

Hier is die stroombaan:



Dit werk so:

Op 50 grade Celsius voorsien die LM35 500mV na pen 2 van die LM358. Die 78L05 reguleerder se uitsetspanning van 5V word deur 'n potensiometer via 'n weerstand na pen 3 van die LM358 gevoer om ook 500mV te voorsien. Die twee spannings word deur die LM358 operasionele versterker vergelyk, en as die termometer meer as 500mV voorsien, skakel die LM358 die IRF530 transistor af, en sodoende ook die stroom deur die 4,7 Ohm weerstande, en andersom.



Deur die potensiometer te verstel, kan die temperatuur verstel word. Al wat nodig is om dit te doen is om 'n goeie voltmeter te gebruik om die uitsetspanning van die potensiometer te meet terwyl dit gestel word.

'n Mens kan nie enige operasionele versterker gebruik nie, die LM358 is in staat om met insetspannings wat naby aan 0V is, te werk. Nie alle operasionele versterkers kan dit doen nie.

Bou dit en geniet dit!



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 10 JUNIE 2006

Deur Johan, ZS1RX


Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 10 Junie 2006, op die plaas van Olivier, ZS1OLI te Agter-Paarl. Die van u wat al daar was weet hoe lekker dit daar is en die van u wat nog nie daar was nie, mis sowaar uit.

BARK AJV...



As u hok te vol raak kan u dit wat u nie meer benodig nie saambring. Daar is altyd 'n lekker kattedak-verkoping. Ek kan nie waarborg dat u nie dalk met meer daar wegy as wat u saamgebring het nie.

As u van Kaapstad se rigting noord ry op die N1, neem u die Klampmuts/Wellington afrit. Dit is die R44. Die R44 raak later 'n dubbelbaan. **Hou aan tot by die Noord Agter-Paarl Koelkamer.** Draai daar links. Maak seker dat u tot by die koelkamers ry voordat u van die R44 afdraai. So 'n kilometer verder sal u die afdraai links na die plaas vind. Die plaas se naam is "Die Slot van die Paarl". U sal sommer gou die antennes sien. Volg die pad tot by die antennes.



Daar sal bystand wees op die 145.650 herhaler en 145.500 simpleks vir die van u wat onseker is van die roete.

Ek sien uit daarna om u *en* die LV *en* die kinders daar te sien.



Hennie, ZS1SK sê.....

Waarom ry so baie mense soggens fiets?

Vir die oefening, natuurlik.

Nou waarom koop hulle al duurder fietse met al meer ratte en ligter rame? Ek het my ou dikwiel sonder ratte soliede bande opgesit. As ek om die blok gery het, is ek moeg. Hoekom moet ek nou 50 km ver ry om oefening te kry?

RADIO TEGNOLOGIE IN AKSIE OP STELLENBOSCH

Deur Johan, ZS1RX

Op Saterdag, 13 Mei was die Radio Tegnologie in Aksie (RTA) op Stellenbosch aangebied. Heelwat van BARK se lede het die geleentheid bygewoon. Die van u wat dit nie kon maak nie het voorwaar 'n interessante dag misgeloop. Twee uitstaande aanbiedings vir my was die van Tony Voorveld oor die eerste radio-uitsendings en Doktor Gert-Jan van Rooyen oor Sagteware-gedefinieerde radio.



BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 25 MAART 2006

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering was gereël deur oom Joe, ZS1AAB, en vind plaas in die klubhuis op die oewers van die Brandvlei-dam naby Worcester.



Rassie open die vergadering so skuins na 11vm. Daar word 'n oomblik se stilte gehou ter nagedagtenis van Andre – ZS1VA.

Die vergadering besluit dat ledegeld vir die volgende kalenderjaar onveranderd gaan bly op R50.00.

David – ZS1DDK, ontvang sy prys van tannie Rina.

Rasie en Karl gaan deur die normale amptelike sake en so skuins na 12:00 is die amptelike vergadering verby. Daarna volg die vlooiemark en braai.

Tannie Rina, die LV van oom Joe – ZS1AAZ, skenk bottels wyn vir lootjies om fondse aan te vul. Alma, die LV van die uwe, maak dit haar taak om almal hul sakke te laat skud en dit was nie lank nie of daar was genoeg geld bymekaar gemaak om die huur van die klubhuis te betaal.

Baie geluk aan David – ZS1DDK – wat die wenner van die wyn was.

Die volgende 29 persone het die teenwoordigheidslys geteken. Daar was 2 persone wat vir die eerste keer by 'n BARK-vergadering was.

AUCAMP, JOHAN ZS1GP
 CANITZ, KARL ZS1KC
 CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ
 CONRADIE, PHILIP ZS1CON
 DE KOCK, DAVID ZS1DDK
 DE VILLIERS, CHRIS ZS1CDV
 DE VILLIERS, FRANCOIS
 ZR1ACF
 DE WIT, CHRIS ZS1CK
 DEMASIUS, ULF ZS1ZO
 DRY, E.J. ZR1EJD
 ERASMUS, RASSIE ZS1YT
 HAARHOF, BENNIE ZR1JHD
 HAARHOF, JOE ZS1AAB
 HAARHOFF, RINA
 HEYDENRYCH, DEON ZS1G

HYMAN, CLYDE ZS1CS
 JENDRISSEK, PETER ZS1JX
 LE ROUX, ALMA
 LE ROUX, JOHAN ZS1RX
 LE ROUX, JOHAN ZS1XJ
 LOMBARD, WESSEL ZR1WL
 MYBURG, HENNIE ZS1SK
 NOTHLING, HANS ZS1WZ
 ROSENZWEIG, LOUIS ZS1OE
 SADIE, BENNA ZR1BEN
 VAN ROOYEN, ANSIE ZS1AVR
 VAN ROOYEN, KOBUS ZS1KVR
 VAN STADEN, OLIVIER ZS10LI
 VAN WYK, KOOS ZS1KWV
 VICTOR, LEON ZR1LEO



LIG IN DIE DONKER

Deur René, ZS1VR

Met die onlangse en steeds dreigende kragonderbrekings in die Wes- en Suid-Kaap is dit handig om 'n outomatiese noodlig in die woonhuis of die werkplek te hê.

So 'n draagbare lig kan gemaak word met maklik-bekombare komponente wat in ketting-, en elektroniese-komponente winkels bekom kan word.



Dit behels die volgende:

- Swart plastiek-kissie 13cm x 6.8cm x 4.3cm.
- 220V transformator 0 - 5 volt (hoogte moet in die kissie kan pas).
- 3 - 1N4007 diodes.
- 1 - 150 ohm 1/2 watt weerstand.
- 500 mikrofaraad kapasitor.
- 'n klein relais 12V of 9V, met 'n stel normaal-aan-stel kontakte.
- 3 - AA Ni-MH batterye in 'n houër.
- Ketel- of rekenaar-kragdraad se sok.
- Plastiek flitslig-kop en kort stukkie van die "lyf".
- 'n Stukkie veselglas bordjie wat opgesny kan word vir die gelykrichter diodes, die drie lig diodes en vashegting van die transformator in die kissie.
- 3 helder lig diodes.
- Epoksie hars of kontak-gom.

Die konstruksie kan maar aan elkeen se verbeelding oorgelaat word.

(Sien meegaande foto wat 'n idee gee van die uitleg van die komponente.)




Ek het 'n swart plastiek-kissie gebruik waarin die komponente gemonteer kan word. Vir die lig self het ek 'n nuwe plastiekflitslig opgeoffer. Die reflektor en gloeilampie gedeelte en 'n kort (+/-1cm) stukkie van die flits se "lyf" word afgesaag met 'n ystersaag en weer vasgeskroef deur 'n passende gat wat in die deksel van die swart kissie gemaak word. Dis sterker as enige gom wat ek probeer het, ingeval die lig sou val.



'n Reflektor agter die helderskynende ligdiodes wat as ligbron gebruik word konsentreer die ligstraal vir beter werkverrigting. Die diodes se korter negatiewe draadjies word gesoldeer aan 'n klein 15mm² veselglasbordjie met die langer positiewe draade wat saamgedraai word en geïsoleer deur 'n gat in die middel van die bordjie deurkom na die positiewe draad aan die skakelaar. Die stukkie bordjie word agter op die reflektor met kontaklym vasgeheg.

3.6V Krag word verkry vanaf drie AA Nikel Metaal Hidried (Ni-MH) batterye wat in 'n batteryhouer vir penselle pas en elk van so 1600mA-uur kapasiteit is. Dit verskaf lig vir so 5 tot 6 ure tydens 'n kragonderbreking. Draai die selle met maskeerband in die houer vas sodat hulle nie kan losskud nie.



Die werking is heel eenvoudig.

'n Klein 100mA of 50mA 220V transformator tjie word gebruik om deur 'n gelykrichter ongeveer 9V spanning te verskaf wat die 12V of 9V relays kan aktiveer. Die relays moet 'n stel kontakpuntjies hê sodat, wanneer die krag

afgaan, die relays sal deaktiveer en die normale punte dan kontak maak. Die drie ligdiodes word in parallel verbind en ontvang dan krag wanneer die krag afgaan en die relays uitval. So gou as wat die krag weer aangeskakel word trek die relays in en die lig word afgeskakel. 'n Klein hoeveelheid krag (+/-50mA) deur 'n weerstand en isoleer-diode word gebruik om weer die batterye oor 'n periode te herlaai wanner die krag weere herstel is.




Om die draagbaarheid van die lig te vergemaklik, het ek 'n rekenaar se krag sok (soortgelyk aan dit wat in elektriese ketels gebruik word) gebruik om die lig aan die 220V te koppel. Indien die krag afgaan brand die lig en word die kragprop uitgetrek by die kassie en kan die lig dan rondgedra word. 'n Skakelaar word ook aan die kant van die lig aangebring om die lig aan en af te skakel.

Onthou net om die skakelaar maar altyd aangeskakel te hou in normale omstandighede - die relays skakel die lig outomaties af en die lig is gereed om te brand onmiddelik wanneer die krag weer sou afgaan.

LW: Versigtig maar met die oop 220V soldeer-puntjies aan die krag sok!

Plak dit, om veiligheidshalwe, toe met maskeerband.



Die aanwending van 'n LM555 en 4017 om LED's D1 tot D10 om die beurt aan te skakel

BARK VERJAAR

Deur Johan, ZS1RX

Boland Amateurradio Klub is op 25 Mei 1996 gestig. Voor dit was die naam Tak Boland, maar die SARL het besluit om die tak-stelsel te verander na 'n klub-stelsel. BARK was dus op 25 Mei 2006 10 jaar oud. Om dit te vier was daar twee stasies op die lug. Die een stasie was by Kuilsrivier en die ander een op Franskraal naby Gansbaai. Rassie het die roepsein ZS10BAK geregistreer vir die geleentheid.



In Kuilsrivier was die stasie in die De Kuilen Voortrekkersaal en op Gansbaai, by die huis van Johan en Leonie, ZS1GP en ZS1YL.

Ons het so net voor agt begin om die stasie in Kuilsrivier op te sit en 08:30 het ons die eerste kontak op 80 gemaak.



Karl, ZS1KC bedryf ZS10BAK

Die stasie was beman deur Karl – ZS1KC, Rassie – ZS1YT, Chris – ZS1CK, André vir die eetgoed en die uwe ZS1RX. Besoekers was Phil – ZS1PAN, David – ZS1DDK, Willie – ZS1RV Johannes – ZR1RF, Inge – ZS1DD, en Ulf – ZS1ZO.

Die stasie het puik gewerk en

ons het vir die hele Suid-Afrika vertel van BARK se verjaarsdag.

Op Franskraal word die stasie beman deur Johan – ZS1GP, Clyde – ZS1CS, Olivier – ZS1OLI, Bennie – ZR1JHD en Bob – ZS1BOB. Johan – ZS1WC – besoek hulle en ek verstaan dat baie staaltjies weer herleef het.

Baie dankie aan almal wat gehelp het om BARK se verjaarsdag te vier.



BARK FOTOALBUM



Louis, ZS1OE



Johan, ZS1XJ



Chris, ZS1CDV



Ulf, ZS1ZO



Simon, ZR1SIM



Reg, ZS1ADC

Van:

Boland Amateurradio klub
Posbus 2105
Dennesig
Stellenbosch
7601